Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA Grower levies working for you!

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (37/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 25 September 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "It's like a rugby team. If you're picking for the World Cup Final, you're picking experience with youth. Everything is better off having that balance and that mix. I think that, especially, goes for the monarchy as well" Prince William [Go Bokke]***

## DAFF JAARLIKSE KOöRDINERINGSVERGADERING

Met temperature van 39°C was dit goed dat die lugversorging in werkende toestand was by die Tzaneen Country Lodge waar DAFF, die bedryf en ander rolspelers vergader het om die 2015 seisoen te bespreek en vir die jaar wat voorlê te beplan. Met omtrent 200 afgevaardigdes trek hierdie belangrike vergadering al hoe meer produsente. Groot dank aan DAFF wat die vergadering in die sitrusstreke aanbied, asook aan die produsente wat dit moontlik maak. (Ek het selfs produsente van die Republiek van die Wes-Kaap en Oos-Kaap daar gesien). Salamina Maelane het die vergadering op 'n kundige manier deur 'n paar belangrike aanbiedeninge gelei en het erkenning gegee aan die goeie spanwerk tussen die bedryf, DAFF en ander in 2015. Spesifiek het sy en haar kollegas die bydrae deur CGA (en Paul Hardman veral vir die aan-lyn registrasies en die tablette vir vaslegging van data in die veld deur die inspekteurs); en SRCC (en veral Christo Theron vir die manier waarop hul met die Oos-Kaap inspekteurs gewerk het) erken. Die aanbiedeninge sal binnekort op beide CGA en DAFF se webtuistes beskikbaar wees.

Van belang vir volgende jaar se registrasies is dat registrasies nou kan geskied. Laas jaar het amper 90% van die produksie-eenhede aanlyn registreer en hierdie jaar hoop ons dit naby aan 100% sal wees. Aanlyn registrasie doen weg met die "finger trouble" en verseker dat alle besonderhede korrek vasgelê word. Die aanlyn webtuiste sal van Maandag 5 Oktober beskikbaar wees – as jy probleme ondervind kan jy vir Portia, Sive, John of Paul by 031 765 2514 kontak.

Sluitingsdatum vir registrasie is 30 Oktober 2015 – registreer asseblief vroeg en kry jou dokumente afgehandel. DAAR BESTAAN NIE IETS SOOS LAAT REGISTRASIE NIE. Neem asseblief kennis dat vir boord-registrasie, beide hektare en aantal bome verskaf moet word – dit is verpligtend.

Sodra die registrasies afgehandel is, sal DAFF die inligting vanaf 20 November tot 4 Desember 2015 vir verifiering beskikbaar stel; produsente moet hul besonderhede gedurende die periode nagaan om te verseker dat dit korrek is.

Een bekommernis wat geopper is, en dit was nie die eerste keer by die vergaderings nie, is die aantal kartonne wat weens foutiewe merkvereistes en plakkers op die karton afgekeur word. Dit is regtig 'n basiese vereiste – en 'n groot vermorsing van tyd en geld as dit nie reg gedoen word nie; korrekte merkvereistes en plakkers is belangrik vir fitosanitêre sekuriteit net soos enige ander permit of protokol vereistes, inspekteurs in Suid-Afrika (beide DAFF en die van oorsee) kan nie verstaan hoekom ons dit nie kan regkry nie – ons moet aandag aan detail gee, omdat herhaalde "non-conformance" aan enige element van die vereistes as 'n mislukkig gesien word en 'n onvermoë om te voldoen aan dit wat verwag word – stel toekomstige marktoegang in gevaar.

Vir diegene wat die Koördineringsvergadering in Tzaneen gemis het – DAAR IS 'N TWEEDE KANS. DAFF gaan nou met 'n road show begin waar dieselfde inligting aangebied gaan word: 5/10 Marble Hall – Toitskraal; 6/10 Tshipise – Alicedale; 7/10 Tzaneen Country Lodge; 8/10 Hoedspruit – Hengel Klub; 9/10 Nelspruit – CRI; 12/10 Nkwalini – Farmers Hall; 14/10 Sondagsrivier – Bowls Club; 16/10 Stellenbosch – Nietvoorbij. Alle vergaderings begin om 09:00 behalwe Hoedspruit wat om 12:00 is. Vir meer inligting kontak Rejoice (012 319 6538) of Tankiso (012 308 8703) of rejoicem@daff.gov.za of tankisoa@daff.gov.za . Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan Ernest, Salamina en hul span vir hul harde werk in 2015 – uitvoer van meer as 1.5 miljoen ton sitrus na van die wêreld se mees kieskeurige markte vereis 'n spanpoging en ons waardeer die werk wat DAFF doen.

## SITRUSBEMARKINGSFORUM (CMF)

Die laaste CMF vir 2015 gaan by die Olive Grove, Infruitec, Stellenbosch op Donderdag 15 Oktober 2015 om 09:00 plaasvind. Die bedryf sal terugkyk op 2015 en die nuwe seisoen bespreek. Agenda sal volg. RSVP asseblief na Gloria@cga.co.za

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 39 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 18.2 m | 15.6 m | 16.2 m | 15 m | 16 m | 15.3 m | **16.2 m** | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.4 m | 9.9 m | 9.9 m | 9.6 m | 9.9 m | 10 m | 9.9 m | 10 m |
| Suurlemoen | 10.5 m | 13.1 m | 14.7 m | 12.9 m | 14.5 m | 13.6 m | 15 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 26 m | 24.5 m | 26 m | 24.5 m | 25.1 m | 24.5 m | 26 m |
| Valencias | 48.3 m | 50 m | 48.3 m | 41.3 m | 45.1 m | 49.1 m | 50 m | 50.9 m |
| Totaal | 110.8 m | 114.6 m | 113.6 m | 104.8 m | 110 m | 113.1 m | 115.6 m | 115.7 m |